# SARS BEKOM BEWARINGSBEVEL VAN HOOGGEREGSHOF NAMATE STRYD TEEN KORRUPSIE VERSTERK

**Tshwane, 9 April 2026** - SARS se strategie teen die onwettige ekonomie teiken korrupsie en bedrog in regeringsdepartemente as hoëprioriteitsfokusareas. Deur middel van ’n ex parte-aansoek in die Gautengse afdeling van die hooggeregshof in Pretoria, ingevolge artikel 163 van die Wet op Belastingadministrasie, het SARS ’n bewaringsbevel teen twee van sy voormalige beamptes verkry, wat onderskeidelik in 2024 en 2025 uit die organisasie bedank het.

Benewens die voldoening aan die statutêre drempel wat in die Wet op Belastingadministrasie voorgeskryf word vir die toestaan van ’n bewaringsbevel, het SARS *prima facie*-bewyse voor die hof voorgelê van nie-nakoming van die toepaslike belastingwetgewing deur twee beamptes, insluitend korrupsie, geldwassery, ongemagtigde werk buite SARS, oortreding van die SARS-geheimhoudingsbepalings, en misbruik van staatsbates ter bevordering van korrupsie. Die hof het ’n *curator bonis* aangestel om bates te bewaar en die vervreemding daarvan te voorkom terwyl belastingaanslae gefinaliseer word.

Die bewaringsbevel plaas **drie onroerende eiendomme**, **ses voertuie** en **verskeie bank- en beleggingsrekeninge** wat by groot finansiële instellings gehou word, onder kuratorskap om die vervreemding daarvan te voorkom. Benewens die bates wat deur SARS geïdentifiseer is, is die kurator deur die hooggeregshof gemagtig om verdere bates wat verberg of buite die bereik van SARS geplaas is, op te spoor en te ondersoek.

Die eiendomme, wat na raming **gesamentlik etlike miljoene rand werd** is, mag nie verkoop of oorgedra word sonder magtiging nie, wat sodoende hoëwaarde-bates beveilig hangende die finalisering van belastingaanslae. Die kurator is onmiddellike bevoegdhede verleen om die bates te beveilig, te beheer, te bestuur en, waar gemagtig, oor te beskik om verskuldigde belasting te verhaal.

Waarnemende SARS Kommissaris dr. Johnstone Makhubu het gesê dat korrupsie binne die instelling vinnig hanteer sal word deur die toepassing van die strengste maatreëls wat deur die reg toegelaat word. “Korrupsie deur SARS-werknemers, hetsy voormalige of huidige, is die ergste vorm van verraad. Dit ondermyn openbare vertroue, beskadig die integriteit van ons stelsels en tref die kern van die staat se vermoë om sy mense te dien.”

Dr. Makhubu het bygevoeg dat die bewaringsbevel SARS se verbintenis toon om beslissend op te tree. “Ons tree vroeg op, beveilig bates en volg die geld. Waar korrupsie met belasting- en doeanestelsels kruis, sal SARS vinnig en regmatig ingryp. Niemand is bo die reg nie, veral nie dié wat toevertrou is om dit af te dwing nie.”

SARS se strategie teen die onwettige ekonomie gee uitvoering aan die nasionale program vir die ontwrigting van die onwettige ekonomie soos deur die president van Suid-Afrika in die staatsrede aangekondig. Die jongste optrede beskerm die inkomstegrondslag; bekamp korrupsie en misdadigheid binne en buite SARS; herstel institusionele integriteit; en lewer sigbare gevolge vir nie-nakoming.

SARS is dankbaar teenoor lojale werknemers en burgers wat deur middel van fluitjieblasery hierdie misdadigheid onder sy aandag gebring het en die organisasie in staat gestel het om ingewikkelde korrupsieskemas te ontbloot. SARS bevestig dat verdere siviele, administratiewe en strafregtelike prosesse kan volg namate ondersoeke vorder.

SARS doen ’n beroep op die publiek om die integriteit van ons belasting- en doeanestelsels te beskerm en korrupsie, belastingbedrog en verwante kriminele aktiwiteite deur sy vertroulike platform aan te meld. “Die dae waar werknemers by misdadigheid betrokke raak en verkies om te bedank eerder as om die gevolge van hul wangedrag te trotseer, is verby. Diegene wat dink dat hierdie metode hulle van die gevolge van hul optrede sal vrywaar, moet weet dat hulle nagejaag en gevind sal word waar hulle ook al is,” het dr. Makhubu afgesluit.

Vir meer inligting, kontak SARS by SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE